

PIETER FOURIE
EK, ANNA VAN WYK
DRAMA

Ek, Anna van Wyk

# Ek, Anna van Wyk

PIETER FOURIE

Protea Boekhuis
Pretoria

EK, ANNA VAN WYK
Pieter Fourie
Eerste uitgawe, eerste druk, 1986, HAUM-Literêr
Tweede uitgawe, eerste druk, 2002, Protea Boekhuis
Tweede uitgawe, tweede druk, 2013, Protea Boekhuis
Eerste e-boek-uitgawe, 2013 Protea Boekhuis

Protea Boekhuis
Posbus 35110, Menlopark, 0102
Burnettstraat 1067, Hatfield, 0083
Minnistraat 8, Clydesdale, Pretoria
protea@intekom.co.za
www.proteaboekhuis.com

Tipografie en ontwerp deur Daniël du Plessis
Buitebladontwerp deur Daniël du Plessis
Gedruk en gebind deur Creda Communications, Kaapstad

ISBN 978-1-86919-024-8 (gedrukte boek)
ISBN 978-1-4853-0055-7 (e-boek)

© 2002, Pieter Fourie
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Aansoeke om opvoer-, uitsaai-, film- en vertaalregte moet aan Protea Boekhuis gerig word.

Vir Antoinette Kellerman

*Ek, Anna van Wyk* is in 1984 geskryf vir die ATKV-kampustoneel – ’n werkswinkel vir die daarstelling van nuwe, vollengte Afrikaanse toneelmatige dramas – en in 1984 opgevoer deur die Drama-departement van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Die regisseur was Peet van Rensburg en die rolverdeling was soos volg:

ANNA:
Isabel Mosterd.
ONDERWYSERES, DOKTER, LINA en RINA:
Linda van Vuuren.
MELKMAN, DOMINEE en PIERRE TERRE’BLANCHE:
Hannes Muller.
SENIOR en KAROOLS:
André-Jacques van der Merwe.
JUNIOR en PIETRIE:
Jannie Fourie.
STEM:
gelei deur Janine Pretorius.

*PERSONE*

STEM
ANNA
PIERRE
JUNIOR
SENIOR
DOMINEE
DOKTER (’n vrou)
LINA
KAROOLS
PIETRIE
RINA
ONDERWYSERES
SENDELING (’n wit man)
MELKMAN

# EERSTE BEDRYF

*’n Kaal verhoog en swart gordyne. Voor links ’n enkele stoel – soortgelyk aan dié in die gehoorsaal. Wanneer die gordyn opgaan, doof ’n kollig stadig op die stoel in. In absolute stilte gebeur niks vir die volgende 30 sekondes nie.*

STEM: Ons moet maar geduldig wees. Sy sal wel opdaag. (*’n Verdere 30 sekondes verloop.*) Altyd stiptelik twee minute laat.

*Nog 10 sekondes verloop. ’n Vrou se voetstappe word gehoor. Dit kom op die rand van die kollig tot stilstand. Stilte. ANNA stap tot in die kollig, kyk na haar horlosie. Sy gee vinnig ’n tree tot in die donker terug. Stilte vir vyf sekondes. Sy verskyn weer in die kollig.*

ANNA: Ek was ’n bietjie vroeg.

STEM: Dis in die haak.

ANNA: Dankie.

STEM: Ons verstaan.

ANNA: Dankie.

STEM: Sit gerus.

ANNA: Dankie. (*Sy gaan sit.*) Goeienaand.

STEM: Goeienaand. Onthou, u is welkom hier by ons.

ANNA: Dankie.

STEM: En beskou ons asseblief as u vriende.

ANNA: Dankie.

| | |
|---|---|
| STEM: | U naam? |
| ANNA: | Anna. |
| STEM: | Van? |
| ANNA: | Aanvanklik die Karoo. Tans Nuweland. |
| STEM: | Eintlik het ons bedoel … |
| ANNA | (*verleë*): O. (*Ruk haar reg.*) Gedurende my huwelik Terre'Blanche, maar nou is ek weer ek, Anna van Wyk. |
| STEM: | Aangenaam. |
| ANNA: | En u? |
| STEM: | Ons? |
| ANNA: | Nee u. U wat praat. |
| STEM: | Ek is eintlik ons. |
| ANNA: | En wie is "ons" dan? |
| STEM: | Ons is … wel ons is … (*Dan formeel*): Ons vra die vrae. Ons bly anoniem. |
| ANNA: | Die grys massa? |
| STEM: | Ek herhaal, ons vra die vrae. |
| ANNA: | Sommerso, so uit die donkerte? |

STEM: Ons betaal vir anonimiteit in die donkerte. Dit is tradisie. Voor die gordyn opgaan, word dit donker en word ons onsigbaar vir u.

ANNA: Sodat elkeen binne groepsverband steeds individueel kan reageer?

STEM: Ons antwoord nie op u vrae nie! (*Pouse.*) Is u hier uit eie vrye wil?

ANNA: Ja en nee.

STEM: Ons begryp nie.

ANNA: As aktrise: ja. Maar as Anna: nee.

STEM: Vir ons is u in die eerste plek Anna van Wyk en nie aktrise nie.

ANNA: Daaroor sal die dramaturg bly wees!

STEM: Dankie.

ANNA: Van die regisseur is ek egter nie so seker nie.

STEM: Ons is nie hier om te hoor hoe die teater werk nie – ons het ’n afspraak met Anna van Wyk en ons het daarvoor betaal.

ANNA: En ek word daarvoor betaal.

STEM: Ons het dit reeds duidelik gestel. Ons sien u nie as aktrise nie, slegs as Anna van Wyk.

ANNA: Goed dan.

STEM: Dankie. (*Pouse.*) U het glo heelwat op die hart.

ANNA: Ja.

STEM: En u wil daaroor praat.

ANNA: Ja.

STEM: Bieg?

ANNA: Bieg? As ek bieg, hoef u nie saam te praat nie. Dis gerieflik, nè?

STEM: Wel, e … ja.

ANNA: Ek waardeer u eerlikheid.

STEM: Dankie.

ANNA: Goed, dan praat ek, Anna van Wyk.

STEM: Asseblief.

ANNA: Ek is agt en veertig. Geskei. Blank. Afrikaner. Christelik-nasionaal. My agt en veertig is 'n voldonge feit, my huwelikstaat 'n hofbevel, my blankheid 'n wetsversekering, my Afrikanerskap 'n turksvy. Ja, Christelik-nasionaal, na elke letter van die woord: cliché.

STEM: En hoe stem u?

ANNA: Soos elke burger in 'n beskaafde, demokratiese land. Met 'n kruisie, in die geheim.

STEM: Natuurlik. Maar gaan gerus voort.